


# 10DE MAAND REEKS

## Huisgeloof- en groeigroepmateriaal

**INLEIDING:**

'n Reis van **nege weke** om te ontdek wat dit werklik beteken om te gee – nie net finansieel nie, maar van **ons tyd, ons gawes en ons besittings.** Hierdie reeks, *"Gawes wat Lewe Bring"*, neem ons stap vir stap deur die Bybelse beginsels van vrygewigheid en help ons verstaan dat gee **'n leefstyl van geloof en vertroue in God** is.

Elke week sal ons fokus op 'n spesifieke aspek van gee: van die besef dat alles wat ons het aan God behoort, tot hoe ons ons tyd, talente en finansies kan gebruik om ander te seën en die Koninkryk van God te bou. Ons sal ook weekliks **konkrete uitdagings hê,** sodat ons nie net hoor en leer nie, maar ook prakties kan leef en ervaar wat dit beteken om vrygewig te wees.

Die doel is dat ons as gemeente nie net finansieel vrygewig is nie, maar dat ons **hart, hand en lewe** geanker word in die gees van gee wat lewe bring – vir ons, vir ander en vir God se koninkryk.

Kom saam met ons op hierdie reis en ontdek hoe **julle gawes lewe kan bring** in die wêreld rondom julle.

**Verloop**

1. **Lief en leed**:

Deel met mekaar hoe dit met elkeen gaan

2. **Gebed**

Tree in vir mense in nood, vir die gemeente en vir mekaar.

3. **Gestuur**

Bid vir die gemeente dat almal heelhartig sal deel wees van ons stuurselle.

10de maand
GAWES wat LIG en LEWE Bring

Sondag 23 November 2025
Tema: **Gee vir 'n groter doel**

## Skrif:

**Teks:**
**Filippense 4:15–19**

15 Julle in Filippi weet ook dat in die begin van my evangelieprediking, na my vertrek uit
Masedonië, geen enkele gemeente behalwe julle 'n aandeel gehad het aan my rekening van
inkomste en uitgawe nie. 16 Ook toe ek in Tessalonika was, het julle meer as een maal iets vir
my behoeftes gestuur. 17 Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug
daarvan: daardeur word julle self ryker. 18 Maar ek het alles ontvang en ek het meer as
genoeg. Noudat ek van Epafroditos ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek
nodig het. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en
welgevallig. 19 En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy
wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus. 20 Aan ons God en Vader behoort die heerlikheid
tot in alle ewigheid! Amen.

**Sleutelgedagte:**

- Ons gawes strek verder as ons eie behoeftes – hulle dra die evangelie uit en bou die Koninkryk van God

Wat is die beginsel van : 17 "daardeur word julle self ryker"

*Notas*

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

Hoe het God gevoel oor Filippi se gawes? (:18)

Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig

*Notas*

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

Watter betekenis het :19 se woorde vir julle: "wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus"?

**Konkrete daad:**

- Skryf 'n bemoedigingsbrief of boodskap aan die sending of gemeenskapsprojek wat julle ondersteun.`

**<u>Gebed</u>**

Here, maak ons ore, oë en harte oop om die blye evangelie wêreld wyd te help verkondig tot eer van U Naam.

________________________________________________________________________